Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Vir die Ossewabrandwag is GESINNE die rykdom van die volk en dit word verwerf deur die skepping van gesonde toestande en hoederskap.*

# Die O.B.

*Vir die partypolitiek is parlementêre setels die rykdom van die volk en dit word verwerf met behulp van geld en beloftes.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 24 FEBRUARIE 1943. No. 14.

## Generaalskap Brei in 2 Maande Uit van 166 tot 1,100 Offisiere

### Algemene Oplewing van O.B. aan Rand

**'n Merkwaardige oplewing van die Ossewabrandwag aan die Rand, blyk uit 'n reeks offisiere-inspeksievergaderings wat hoofgeneraal Louis Bootha in die vyf Randse generaalskappe voltooi het.**

**Sedert die vorige inspeksie van die hoofgeneraal in Desember verlede jaar was die toename in die getal offisiere en onderoffisiere in elke generaalskap nie minder as 50% nie. In sommige gevalle was die toename selfs baie groter. By voorbeeld, in die geval van Springs en omgewing, die generaalskap van genl. P. du Toit, was die getal offisiere in Desember 1942 slegs 166 terwyl dit in Januarie 1943 tot op 1,100 gestyg het.** Hierdie skitterende resultaat moet grootliks toegeskryf word aan 'n intensiewe reorganisasieveldtog wat deur die ywerige generaal en sy flukse offisiere onderneem is.

Oom Louis Bootha, het met sy jongste inspeksievergaderings oral die grootste geesdrif vir die saak van die Ossewabrandwag aangetref. Nieteenstaande die feit dat die O.B. aan die Rand die swaarste moet ly onder die vervolgingswaansin en interneringsmania van die Empire-regering, klop die hart van die Rand nog warm vir die Afrikanersaak en word daar vir geen opoffering, al is dit ook hoe groot, teruggedeins nie. Die jongste reeks offisiersvergaderings is in 'n nog groter mate as voorheen gekenmerk deur die koele vasberadenheid en onwankelbare trou van elke offisier. **Die aand op Brakpan was die stadsaal te klein vir die offisiere van slegs twee hoofkommandantskappe.** Ook die ander vergaderings is deur die offisiere in hul honderdtalle bygewoon.

Aan opoffering vir die lydende mede-Afrikaner ontbreek dit ook nie by die Randse offisiere en brandwagte nie. Met die vergadering in die afdeling van genl. G. Puren (ook sekretaris van die Noodhulpfonds) is dit aan die lig gebring dat hierdie generaalskap, **hoewel dit die kleinste op die Rand is, in die afgelope jaar die grootste bydrae per lid in die Noodhulpfonds gestort het. Die bydrae was £1-5-10 per lid en dit nieteenstaande die feit dat al die lede werkende persone is wat uit hul karige inkomste moes offer.** ,,Julle het deur jul opoffering vir die vrouens en kinders van ons broers in die kampe getoon dat julle waaragtige Boerekinders is,'' het oom Louis aan die offisiere gesê. ,,Julle glo daarin dat as ons dan moet ly omdat ons Boere is, moet ons saam ly,'' het hy daaraan toegevoeg.

Hoewel genl. J. P. Gous geïnterneer is op dieselfde dag waarop die vergadering van sy generaalskap sou plaasvind, is die vergadering die aand deur meer as 400 offisiere bygewoon en is die nuwe generaal in die persoon van dr. P. J. Bothma ingesweer.

Die Ossewabrandwag aan die Rand trek voort! Al gaan dit deur die kampe en tronke van die Empire-regering.—(Tvlse Kor.)

## BEVEL I/S VERKIESING

Die volgende Uniale bevel is deur die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg uitgereik:

Om sy vryheid van optrede in Afrikanerbelang met die naderende verkiesing te behou, is dit noodsaaklik dat die Ossewabrandwag homself nie deur lokale optrede van oorywerige offisiere laat kompromitteer of koppel aan een of ander partypolitieke kandidate ter plaatse nie. Soortgelyke gevalle het voorgekom.

Die aanbod van die Ossewabrandwag om selflose steun aan gemeenskaplike volkskandidate (wat nie Ossewabrandwaglede hoef te wees nie) te gee, staan nog en dit is vir die verantwoordelike partyleiers om die aanbod te aanvaar of te verwerp namens die party as geheel en nie vir aspirant-kandidate in enkele kiesafdelings nie.

Intussen word elke offisier gewaarsku dat verdere ongeoutoriseerde plaaslike optrede tot dissiplinêre stappe kan lei.

Die Ossewabrandwag-leiding sal te gelegenertyd die lede van die Beweging voorlig.

ONS VRA NIKS, ONS OFFER VEEL.

J. F. VAN RENSBURG,
Kommandant-generaal.

## GEEN OOREENKOMS MET PARTIKULIERE PARTY

### K.G. Weerlê 'n Gerug

Onderstaande verklaring is deur die Kommandant-generaal uitgereik:

'n Gerug het in die Volksraad se wandelgange versprei dat die Ossewabrandwag vir 'n verkiesingsooreenkoms met 'n partikuliere politieke party te vinde sou wees. **Die gerug is totaal ongegrond.**

Die houding van die Ossewabrandwag het duidelik en ruiterlik geblyk uit sy verklaring van 12 Januarie ll., naamlik dat hy sy vyand in die oorlog- en Empirekandidate sien. **Hy weier om as instrument gebruik te word in een of ander party se hande teen mede-republikeine wat net die Empire wil beveg.**

**As die Ossewabrandwag kan help om 'n verkiesingsooreenkoms tot stand te bring tussen die drie Opposisie-groepe, sodat hulle 'n gesamentlike anti-oorlogsfront kan stel, sal hy alles in sy vermoë daartoe doen. In daardie gesamentlike front sal hy ook dien.**

Maar hy gaan nie 'n wapen wees in een of ander partyleiding se hand teen manne wat sedert 4 September 1939 in die bresse teen die Empire staan nie.

Die gerug en enige later herhaling, met of sonder variasies, is in stryd met die gees van die Ossewabrandwag.

(Get.) J. F. J. VAN RENSBURG,
Namens die Ossewabrandwag.

(Vervolg in voorgaande kolom)

(Vervolg van volgende kolom)

(Hierdie verklaring is ook aan Die Burger oorhandig vir publikasie, maar die blad het dit geweier met die verskoning in 'n nota onder die rubriek ,,Menings van Ons Lesers'' dat hul persverteenwoordiger in die Parlement nie van die gerug weet nie!)

## Nuwe Gesindheid Gebore wat Omsien na Geluk van elke Volksgenoot

### Dr. P. J. Meyer oor die Volksbeweging

**,,'n Nuwe gesindheid is gebore, 'n gesindheid wat in ons Volksbeweging steeds tot duideliker en kragtiger openbaring kom. Dit is die gesindheid om jou mede-Afrikaner steeds nader te trek in plaas van te verjaag, om hom te verdedig in plaas van te beskinder, om hom te wen vir die volksaak in plaas van te verstoot; dit is die gesindheid om sonder staatskemas jou mede-Afrikaner se wagter te wees, om jou mede-Afrikaner te steun, die gesindheid van elkeen vir almal en almal vir elkeen.'' Hierdie woorde is deur dr. P. J. Meyer op 10 Februarie in 'n toespraak te Springs gespreek oor die nuwe Afrikanergesindheid.**

Dr. Meyer het verklaar dat ons strewe na innerlike, werklike vryheid wat alleen uit eie krag deur die Genade van God verwerf en verwesenlik kan word. Dit is nie 'n akademiese stryd oor teorieë en staatsvorme nie, net so min as wat die Voortrekkers terwille van 'n bepaalde staatsvorm getrek het. Hulle het eers getrek en gestry en uit daardie stryd is hul vrye staat gebore. Omdat ons glo dat God ons volk in aansyn geroep het en self die skepper van die vryheidsvlam in ons siel is, weet ons dat geen mag van buite ons vrywording kan stuit nie. Maar ons volk lewe ook temidde van ander volke in die wêreld en staan dus nie afgesonderd van die wêreld nie. Ons vryheid wat deur aanwending van eiekrag verwerf moet word, moet terselfdertyd binne 'n strydende wêreld verwerf word. **Daarom moet die wêreldtoestand op oordeelkundige wyse in belang van ons volkstrewe gebruik word.** In hierdie opsig het spr. veral die verbrokkeling van die Britse Imperialisme en die vernietiging van die kommunistiese bedreiging genoem as gunstige voorwaarde vir ons vryheid.

#### GENL. HERTZOG

Voortgaande het dr. Meyer aangetoon hoe ons volk in verskillende omstandighede van verskillende middele moes gebruik maak in sy lewenstryd. **Kort voordat hy na die hospitaal is, het wyle genl. Hertzog aan spr. gesê dat hy bekommerd is oor ons volksverdeeldheid, maar darem nie mismoedig nie. Ons volk het byna, maar nog nie die laagste trap van sy huidige vernedering bereik nie, het genl. Hertzog verklaar. Nog een trappie laer sal ons volk sink en dan bly net die weg boontoe vir hom oop.** Die Generaal het daarop gewys hoe tydens die oorlog die redding in die kommando-organisasie gelê het, en ná die vrede, toe ons volk moedeloos en verdeeld gestaan het, die politieke partyorganisasie. Ook toe was ons volk huiwerig om die nuwe organisasievorm te aanvaar. **Vandag weer in die nuwe omstandighede waarin ons ons bevind, het dit duidelik geword dat die politieke party nie die volle vryheid kan bring nie en ons volk is weer met verdeeldheid en moedeloosheid geslaan. Gelukkig is ons nou by die keerpunt, het dr. Meyer voortgegaan. 'n Nuwe vryheidsorganisasie,**

(Vervolg op bls. 2)

## NET EMPIRE-BANDE VIR BOERE

### Mag met Eie Motor nie na O.B.-Vergadering Ry

Die Kommandant-generaal deel ons mee dat hy op Marquard van 'n lid van die Ossewabrandwag moes verneem dat die plaaslike magistraat aldaar (ene D. C. Steyn) 'n permit vir die aankoop van nuwe bande vir sy motor **alleenlik toegestaan het op voorwaarde dat hy na geen Ossewabrandwagvergadering op daardie bande sal ry nie.**

Om seker te maak of hierdie verbasende voorwaarde korrek verstaan was, het dr. Van Rensburg die magistraat daaroor gaan spreek. **Dit blyk toe uit mnr. Steyn se eie woorde dat dit wel die geval is.** Op die vrae: ,,Moet ek nou verstaan dat u weier om 'n aansoek goed te keur tensy die applikant onderneem om voortaan met daardie motor van 'n Ossewabrandwagvergadering weg te bly?'' en verder: ,,Moet ek aanneem dat die applikant na enige ander vergadering kan ry, d.w.s. na 'n bioskoop, 'n H.N.P.- of ander partyvergadering?'' het die magistraat geantwoord: ,,Ja.''

Op die laaste vraag: **,,Dan mag die eienaar van die motor volgens u sy motor nie gebruik na 'n Ossewabrandwagvergadering nie, maar hy kan, as hy wil, dit gebruik na 'n KOMMUNISTIESE VERGADERING in die lokasie?'' het mnr. Steyn ook ,,ja'' geantwoord.**

So lyk erkenning van die Kommunistiese Party deur die Minister van Justisie! En dan kry mens nog mense wat simpel genoeg is om te vertel dat die Ossewabrandwag met die Regering skakel!



# O.B.-Leiers Verdedig Teen Stories Toe Reg nog Reg Was

## „Organisasie se Invloed Misgun"

**Ons plaas hier 'n hoofartikel wat op 27 Februarie 1941 in „Die Transvaler" verskyn het waarin sekere stories teen Ossewabrandwag-leiers weerlê word. Omdat dieselfde stories tans versprei word deur mense wat indertyd hierdie artikel verwelkom het, ag ons dit nodig om dit volledig oor te neem. Heelwat daarvan is inderdaad vandag nog waardevol in 'n stryd van beklad-ding en ondermyning. Die artikel het verskyn onder die opskrif „Oor Vertroue".**

Dit het weer al te dikwels in die afgelope paar maande gebeur dat Afrikaners wat op die voorposte van die Afrikanerstryd te staan kom, die doelwit word van bedekte aanvalle. Dis soms maande nadat praatjies oor hulle aan die gang gesit word dat hulle dit agterkom, en dan is die kwaad al gedoen.

Wantroue saai in Afrikanerleiers, belangrik of ondergeskik, kan net een uitwerking hê. Dit is om die vyande van die Afrikanerdom te sterk. Soms is hierdie verspreiers van bedenkings teen, en verhale, oor goeie manne juis handlangers van daardie vyand. Dis mos 'n tipiese imperialistestreek, om te verdeel en heers. Soms is dit egter mede-Afrikaners wat ten dele die stryd nou saamstry, maar ook eie belange het om te dien, en wat hierdie streek toepas wat hulle by die teenstander geleer het.

Diegene wat in die Afrikanerdom, in nasionalisme en republikanisme glo, moet hulle voorneem om aanvalle op waardevolle leidende Afrikaners te VERWAG, en nie te glo nie. Hoe waardevoller 'n persoon word vir die stryd wat ons volk voer, des te heftiger sal die veldtog teen hom wees. Politieke leiers, en teenswoordig selfs koerantmanne, weet dat hierdie lot van verkleinering hulle wag. Hulle moet veg, en in die openbaar veg. En hoe stewiger hulle veg, des te heftiger, veelsydiger en bitterder word die pogings om hulle verwyder te kry — òf uit hul posisies van gesag, òf uit die vertroue van diegene wat hulle tot sover geslaag het om te lei. Die treurige is dat waar opgetree word teen 'n man van sterk oortuigings wat sy standpunt enige tyd kan verdedig, en dus nie gedurf word om sy OPVATTINGS aan te val nie, daar word sy karakter en lewenswyse op genadelose wyse onregmatig beklad, met enige aanklag wat gemeen word ingang sal vind.

Die bedoeling is natuurlik duidelik. As volgelinge begin sleg dink van 'n politieke leier as mens, sal dit skadelik wees vir die party. As 'n koeranthoof onder verdenking gebring kan word, bestaan die hoop dat sy BLAD aan invloed sal krimp. As 'n kultuurleier b.v. op die gebied van die Reddingsdaadbond se werksaamhede, wat die Afrikanervyand O so sterk al vrees, van selfsugtigheid of kapitalisme of wat ook al beskuldig kan word, dan kan dit aanhangers vervreemd en vertroue in die ORGANISASIE skok. **As oor 'n voorman van die Ossewabrandwag iets tot sy skade rondvertel kan word, dan is dit die hoop om sy gesag te knak en daardeur die LIGGAAM te verdeel.**

Die Afrikanerdom moet gewaarsku word dat dit aangaan, en wel op groot skaal, en dat dié lot byna almal tref sodra hulle werklik nuttig word in die volkslewe en 'n gevaar vir die imperialistiese strewe. Die aanleiding tot hierdie algemene waarskuwing is 'n spesifieke geval wat soëwe onder die aandag gekom het. Die leier van die Ossewabrandwag van Transvaal, adv. J. D. Jerling is, afgesien van ander onregmatige bewerings oor hom, by herhaling beskuldig dat hy Vrymesselaar is of was. By 'n vergadering net twee weke voor die dood van genl. Manie Maritz het laasgenoemde reguit die aanklag genoem, en toe dit hom as verkeerd bewys is, het hy, man soos hy altyd was, om verskoning gevra en adv. Jerling se hand geskud. Daar was verskeie getuies hiervan. Die feit dat hierdie leier van die Ossewabrandwag in Transvaal by vergaderings sowel as in die pers so iets ontken het en hom dus blootgestel het aan ENIGEEN wat meen dat hy die teenoorgestelde kan BEWYS is buitendien genoeg.

**Die Ossewabrandwag het groot en sterk geword. Die imperialis voel bitter daaroor en daar is ander wat hierdie liggaam sy invloed misgun. Nou moet 'n stroming teen die leier begin word, nie soseer om hom te breek nie, as om die liggaam self te verswak. Eersdaags kan seker weer stories verwag word teen ander van sy leiers soos hulle en die organisasie vir die volk meer en meer diensbaar word. LAAT NIEMAND MISLEI OF BEÏNVLOED WORD DEUR HIERDIE LAAKBARE PRAKTYK NIE.**

(Hoe is hierdie woorde nie bewaarheid nie!—Red.)

## DR. VAN RENSBURG IN DIE VRYSTAAT

### Waarsku Teen Bedreiging Van Kommunisme

Op Dinsdag, 2 Februarie, het die K.G. en die A.K.G. van die Vrystaat, genl. Japie van der Merwe, op 'n uitgebreide toer vertrek. Vryburg, Koeroeman, Postmasburg, Grikwastad, Douglas, Flooifontein, Kimberley, Petrusburg en Bultfontein is algar besoek voor die einde van dieselfde week.

Die reëlings op al bogenoemde plekke was puik en hoewel die aanwesiges op party plekke minder was op andere (b.v. op Vryburg was daar 700 en op Postmasburg en ander plekke maar 200) weens die moeilikheid van uitgebreide gebiede en skaarste aan brandstof, het dit nooit aan waardering en geesdrif ontbreek nie. Opkomste is ook beperk deurdat verskeie vergaderings in die oggend gehou moes word.

Die kort inleidende toesprake van die A.K.G. het telkens gedien om die gehoor voor te berei vir die rede van die K.G.

Die K.G. het van vergadering tot vergadering daarop gewys hoe Afrikaners en by name O.B.-lede vervolg en in baie opsigte feitlik mishandel word as gevolg van een of ander sotte noodregulasie. Die jongste geval, nl. die Jeugfrontkamp by Bloemfontein, en die metodes wat gevolg is deur die sogenaamde politieke afdeling van die speurdiens het die K.G. bejeën met die koudste veragting en by die aanhoorders is 'n vloed van minagting vir die betrokke speurders gewek.

Vervolgens het die K.G. die houding van die O.B. en die daaruit voortspruitende aanbod in verband met die komende verkiesing uiteengesit. Dit het die gevoel van die verskillende gehore volkome vertolk en algemene byval uitgelok.

Hierop het die K.G. oorgegaan tot die hoofdoel van die reis, nl. om die Afrikanervolk te waarsku teen die gevare van die kommunisme wie se krag in Oos-Europa sigbaar word. Hy het gegewens aangehaal en die reaksie van die huidige regering daarop aangedui. Die menigte mense het by die aanhoor van dit alles diep onder die indruk gekom van wat werklik aan die gang is en toe die K.G. die verklaring voorlees wat in die pers gepubliseer is, is dit met algemene instemming en as duidelike gids aanvaar.

Wat die gesagstaat betref, wel dis 'n voldonge feit; hoofsaak is egter, watter gesagstaat: nasionaal of anti-nasionaal? Die anti-nasionale, die kommunisme, is fataal vir die blanke bevolking van S.A.

Verder is Wesselsbron, Koppies, Lindley, Bethlehem, Marquard, Bloemfontein, Dewetsdorp, Rouxville en Edenburg ewe-eens besoek. Die ontvangste, veral op Koppies en Bethlehem, was besonder goed.—(Vrystaatse Kor.)

## KOMMANDANT-GENERAAL OP GROBLERSDAL

Tydens die besoek van die Kommandant-generaal aan Groblersdal op 30 Januarie 1943, is 'n funksie gehou wat bygewoon is deur sowat 300 mense. Komdt. Koelman het die K.G. 'n adres aangebied en hom welkom geheet namens „die Bosveld". Die K.G. is geesdriftig toegejuig toe hy aan die woord kom en sy toespraak is aandagtig gevolg. Dit was duidelik dat sy woorde 'n diep indruk gemaak het. Hy het ernstig gewaarsku teen kommunisme, sy oortuiging uitgespreek dat 'n republiek kom maar gesê dat ons moet pasop dat dit nie 'n Kommunistiese republiek gaan wees nie. Ons toekomstige lot lê saamgebonde met wat tans in Rusland plaasvind. Hy het die Regering gekritiseer vir sy simpatie met die kommunisme en daarop gewys hoe gediskrimineer word tussen Stormjaers en Kommuniste wanneer die Noodregulasies oortree word. Afrikanerseuns word sonder verhoor opgesluit, maar wanneer die Polisie vir Moses Kotane vang omdat hy die Noodregulasies oortree het, word hy losgelaat omdat daar 'n twyfel bestaan aangaande sy onskuld.

'n Paar vrae is toegelaat aan die einde van die K.G. se toespraak. Dit het egter gelyk of die wind heeltemal uit die seile geneem is van die paar oorblywende Party-aanhangers, want die K.G. wou sy vyand nie vind in sy mede-Afrikaner nie maar in die vreemde, on-Afrikaanse elemente. Geen woord wat die K.G. gesê het kon enige Afrikaner seermaak nie maar elke woord was 'n besieling en 'n aanmoediging en 'n waarskuwing teen die magte wat die volksbestaan bedreig.

Die opbrengs van die funksie was £73-5-6.—(Meegedeel.)

(Groblersdal is 'n nuwe dorpie in die Besproeiingsgebied onder die Loskopdam.)

## JEUG-OFFERS

Die bedrag van £1-8-9 is onlangs uit Prins Albert as 'n bydrae van die Jeugfront tot die Noodhulpfonds ontvang. Dit is verkry deurdat twee ywerige penkoppe op eie houtjie tydens die vakansie 'n konsert onder hulle vriende georganiseer het wat 18/9 opgebring het. Verder het 'n Jeugfront-offisier 'n Voortrekkerwaentjie gemaak wat hy vir 10/- verkoop het.

## VERGADERINGS AAN RAND

'n Reeks vergaderings wat onlangs aan die Rand begin is, sal o.a. toegespreek word deur prof. L. J. du Plessis en dr. J. F. J. van Rensburg. Dit is as volg belê:

**Luipaardsvlei (Jubilee-saal), Vrydag, 26 Februarie, 8 n.m.:** Prof. L. J. du Plessis oor „Kerk, Volk, Gesin en Arbeid."

**Crosby-terrein, Vrydag, 5 Maart, 8 nm:** Dr. Hans van Rensburg oor „Die Gesagstaat van die Toekoms."

## REDDINGSDAADFONDS STAAN OP £94,000

Die hoofkantoor van die Reddingsdaadbond skryf as volg:

Dit is met genoeë dat ons kan meedeel dat die Reddingsdaadfonds op 31 Desember jl. op £94,403-10-7 gestaan het. Die vordering van die fonds gedurende 1942 was in alle opsigte baie bemoedigend, veral gedurende die maande September-Oktober toe die veldtog vir die groot jaarlikse insameling met groot sukses gevoer is.

Ons is egter nog baie ver van ons doel af. Die digter Totius het eenmaal die volgende gevleuelde woorde gebruik: „Die Reddingsdaad is 'n Volksofferande — dis geen kollekte nie", en 'n ander skrywer het gesê: „Die Reddingsdaadfonds is ons volksfront teen die probleem van volksverarming". Ons erken almal die waarheid van hierdie woorde, maar dis ons plig om die woorde ook in dade om te sit. Laat ons sorg dat hierdie groot fonds in die komende jaar ons volle steun geniet! Laat ons dit gedurende 1943 tot ongekende hoogtes opstoot!

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

*Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag*

Gebruik

LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP — DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

'n LEVER Produk

SASBANK

*Verrig Volksdiens!*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar. *Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

Somers-PAKKE



HIERDIE seisoen sal u behoefte hê aan 'n deftige Somerspak. Waarom tweekeer soveel betaal vir 'n Snyerspak as ons u een aanbied teen slegs

£6-17-6

Die pakke is netjies afgewerk en die kwaliteit is van die beste. Verkrygbaar in Dubbel- en Enkelbors.

Silwerpleet Sigaretdose met die kaart van Suid-Afrika waarop die Voortrekkerpad aangedui word. 'n Pragtige geskenk; slegs 10/6 elk.

Uniewinkels

(Ko-operatief) Beperk

Geregistreer onder Wet No. 28 van 1922.

Posbus 909, PRETORIA.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.

# Sterk en Gesonde Liggame is die Bron van Volkskrag

**(D.L. 3/43.)**

In die vorige bespreking het ons daarop gewys dat die erflike aanpassingsproses van 'n volk aan sy omgewing versteur word deur vermenging met minderwaardige rasse, bv. blankes met naturelle, omdat die produk van so 'n vermenging minderwaardig is.

Die bloedsamestelling van 'n volk word egter nie alleen deur ongewenste rassevermenging verswak nie, maar ook deur die verspreiding van oorerflike siektes en kwale. Daarom kan 'n volk nie toelaat dat oorerflike siektes soos tering en vuilsiektes versprei en voortgeplant word nie, want dit sal meebring dat so 'n volk binne die loop van 'n paar geslagte liggaamlik so sal verswak dat hy heeltemal minderwaardig sal wees, ook wat sy kulturele skeppings betref. Die geskiedenis het al genoeg voorbeelde gelewer wat vir ons as 'n vingerwysing kan dien.

Die ontwaakte Afrikanerdom, soos verteenwoordig in die Ossewabrandag, al mag 'n groot deel net in hul harte in hierdie Volksbeweging saamtrek, is vasberade om nie alleen die bloedsuiwerheid van ons volk met alle middels tot sy beskikking, te handhaaf nie, maar is ook net so vasberade om toe te sien dat die suiwer bloed van ons volk in 'n steeds toenemende mate in gesonde en kragtige liggame vloei. **Hiervoor is in die eerste plaas nodig dat alles moontlik gedoen moet word ter verbetering van die volksgesondheid, nie slegs wat die genesing van siektes betref nie, maar ook, en veral, vir die voorkoming daarvan.** Dit is die plig van elke volkslid om in belang van die volksgeheel toe te sien dat hy/sy gesond leef. Dit is die staat se plig om toe te sien dat elke burger sy/haar plig nakom en om te sorg vir die nodige voorwaardes wat die volk in staat sal stel om sy gesondheid te handhaaf. Dit sluit nie alleen die voorsiening van doeltreffende gesondheidsdienste in nie, maar vereis ook 'n hoë welstandspeil vir die volk. 'n Volk wat nie in welstand leef nie, kan nie verwag word om op die duur sy gesondheid te handhaaf nie.

## GESONDE GESINSLEWE

'n Ander belangrike voorwaarde vir die handhawing van ons bloedsuiwerheid en liggaamsgesindheid, is die beskerming en aanmoediging van 'n gesonde gesinslewe en gesinsvorming. Daar moet nie alleen gestreef word na kwantiteit of getalsterkte nie maar ook na kwaliteit of gehalte. Daarom sê die Ossewabrandwag: ,,Die egpaar met fris en gesonde kinders beteken vir ons volk meer as die egpaar sonder kinders of die egpaar met swak versorgde kinders.'' **Die gesonde kind is 'n volksbate en daarom is dit noodsaaklik dat die gesondheid van moeder en kind beskerm word deur deeglike voorsiening vir voorgeboortelike sorg, doeltreffende kraamverpleging en genoegsame sorg na die geboorte.**

Vir nadere besonderhede oor die gesinsbeleid van die Ossewabrandwag word die leser verwys na die brosjure ,,Gesonde Huisgesinne bou 'n Lewenskragtige Volk!'' (O.B.-Uitgawes, No 2), verkrygbaar by elke O.B.-hoofkwartier.

Die gesondheidspeil van 'n volk word verder gehandhaaf en verhoog deur gesonde arbeidsverrigting en deur liggaamsopvoeding. Die Ossewabrandwag beskou dus alle arbeid, van die nietigste tot die veeleisendste, nie alleen as noodsaaklik vir die voorsiening in die behoeftes van die volk nie, maar ook as veredelend vir die mens. ,,Arbeid Adel'' sê ons. Geen werk mag dus as ,,Kafferwerk'' opsy geskuif word nie. Vir 'n selfrespekterende en lewenslustige volk bestaan daar eenvoudig nie so iets as ,,kafferwerk'' nie.

Uit die ervaring van ander volke het geblyk dat gesonde liggaamsopvoeding, veral deur geskikte liggaamsoefeninge, 'n uiters belangrike faktor is vir die verhoging van die gesondheidspeil en liggaamskrag van 'n volk. Daarna sê die Ossewabrandwag dat liggaamsopvoeding vir elke burger verpligtend moet wees en dat die staat die nodige geleenthede daarvoor moet skep.

## OORERWING

Dit is wat betref die liggaamlike verswakking van ons volk deur ongewenste bloedvermenging en die verspreiding en voortplating van oorerflike siektes en swakhede, as ook die maatreëls ter bestryding daarvan. Daar bly egter nog 'n ander belangrike aspek oor, t.w., die oorerwing van geestelike swakhede. Ons gee kortliks aandag hieraan.

Hoewel alle blanke rasse, uit die biologiese standpunt beskou, sonder nadeel met mekaar kan meng, is die vermenging van blanke rasse, geestelik gesien, nie altyd so voordelig of gewens nie. Elke ras het sy eie besondere geestelike hoedanighede, sommige goed, ander beslis weer nadelig.

Om 'n voorbeeld te noem . . . Hoewel die vermenging van Afrikaner- met Jodebloed suiwer liggaamlik waarskynlik nie juis 'n swakker produk lewer nie, sal geen Afrikaner, wat enigsins 'n oog vir die werklikheid en 'n mate van rassetrots besit, die ondertrouing van Afrikaners en Jode goedkeur nie, eenvoudig omdat die geestes- en lewenshouding van die Jood anders is as dié van die Europeaan. Die Joodse ras is nie 'n Europese ras nie. Die Jode is 'n produk van die vermenging van Voor-Asiatiese rasse met Semitiese volke en dra gevolglik hul eie besondere raseienskappe.

Dink maar net aan die godsdiensverskille tussen die Jood en Afrikaner en die uiteenlopende lewenshoudinge wat daaruit voortvloei. Verder vind ons by die Jood 'n sterk onnasionale materialistiese gees wat elke nasionaalbewuste volk in die krop steek. Die Jood ken nie so iets as vaderlandsliefde nie. Elke land is sy tydelike tuiste solank dit tot voordeel van sy winsbejag strek. Vir elke nasionaalbewuste volk is en bly die Jood 'n nie-assimileerbare en volksvreemde ras, wat as 'n uitheemse minderheidsgroep behandel moet word.

Maar die Afrikanervolk moet hom nie slegs vrywaar teen die indringing van ongewenste geestelike eienskappe van buite af nie. Hy moet ook waak teen die voortplanting van oorerflike geestelike swakhede onder lede van die volk. Ons dink hier aan kranksinnigheid en ander kroniese geestelike versteurings. Daar moet dus gesorg word dat alle skadelike volksvoortplanting op 'n wetenskaplike wyse en in oor-


(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van voorgaande kol.)

eenstemming met ons Christelike beginsels uitgeskakel word.

Die Afrikaner is trots op sy ras en daarom is hy vasberade om dit teen elke prys suiwer te hou en steeds te verbeter!

## ALMAL BEREID OM TRONK-TOE TE GAAN



**Die 22 Jeugfront-offisiere wat onlangs in Bloemfontein veroordeel is tot 2 maande tronkstraf of £25 boete omdat hulle sou gedril het. Almal is bereid om tronkstraf te aanvaar, dog appèl is aangeteken wat nog afgewag word.** Voor (van links na regs): (1) W. A. L. Botes, (2) J. B. Malan (nie beskuldigde), (3) P. L. Haefele, (4) G. J. van Schalkwyk, (5) M. van Staden, (6) B. J. Prinsloo, (7) H. J. Maree. Middel: (1) G. S. Nieuwoudt, (2) H. C. Nieuwoudt, (3) S. B. J. van Rensburg, (4) L. N. van Niekerk, (5) C. H. Jacobs, (6) J. J. Heydenrich, (7) J. N. J. Bergh. Agter: (1) I. J. C. Jacobs, (2) D. D. Rosslee, (3) P. J. Cronjé. (4) N. B. Jacobs (Jnr.), (5) F. I. Kleynhans, (6) P. L. Schoeman, (7) C. A. Roetz. Inset: (links) C. J. K. Roos; (regs) D. B. v. Rensburg.

## SKRYF HULLE IN

Dit blyk dat baie offisiere onder die onjuiste indruk verkeer dat hulle niemand mag beweeg om lid van die Ossewabrandwag te word nie. Nuwe lede word deur hulle alleen ingeskryf wanneer sulke mense persoonlik kom aansoek doen om opgeneem te word in die Beweging. **Hierdie houding is beslis nie die regte nie en is uiters skadelik vir ons Beweging sowel as vir die ideaal waarvoor ons veg.**

Die Ossewabrandwag is wel deeglik daarop gesteld dat hy net die regte soort persoon as lid sal kry, want ons krag lê nie in die eerste plaas in getalle nie, maar in oortuiging en daadkrag. Nogtans is daar vandag baie Afrikaners buite die Beweging wat 'n aanwins kan wees, mense wat al meer en meer oortuig geraak het dat die Ossewabrandwag se beleid die enigste waarborg vir ons volksbestaan is. **Onthou moet word dat toe die stryd teen die Ossewabrandwag ontstaan het, die Ossewabrandwag nog geen pers van sy eie gehad het nie en die ideale en beginsels van ons Beweging was toe nog nie by almal ewe bekend nie.** Intussen egter het die Ossewabrandwag se standpunt bekend geword en talle Afrikaners, wat indertyd bedank het in hul onkunde, stem vandag heelhartig daarmee saam. Omdat offisiere die houding inneem asof sulke mense onwelkom is, het hierdie mense nie die vrymoedigheid om aansoek te doen om lidmaatskap nie. **Daarom is dit noodsaaklik dat offisiere werk daarvan moet maak om goedgesinde Afrikaners te nader en in te skryf as lid. Deur hulle in te skakel sal hierdie Afrikaners ook beter op hoogte kom met die beleid van die Ossewabrandwag en dus geesdriftige staatmakers word — iets wat hulle nie kan word solank hulle in die koue buite gelaat word nie.**

Aan die Rand is daar onlangs 'n intensiewe reorganisasie van stapel gestuur met die gevolg dat die verskillende eenhede tans gemiddeld 'n verdubbeling toon, en een generaalskap het selfs met byna tienvoud toegeneem. Dit toon slegs hoeveel Afrikaners wat ondersteuners is, nog buite die Beweging staan. In Kaapland by voorbeeld het dit op een plek gebeur dat die A.K.G. op geesdriftige wyse deur 'n groot skare verwelkom is. Aan hom is meegedeel dat omtrent die helfte van die aanwesiges ,,partymense'' is, maar dat baie van die goed op die basaar deur hulle gebring is! Inderdaad was dit almal vurige O.B.-ondersteuners wat nog nie ingeskryf is nie.

Vir ons geld die Bybelwoord: ,,Die wat nie teen ons is nie, is vir ons,'' en nie die verdraaiing nie dat die wat nie vir ons is nie teen ons is!

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*Hou Koers Na*

**Pro Ecclesia-Drukkery,**

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders

*Die Laan, Stellenbosch.*

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.

